PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

# WESTERN CAPE PRIVILEGES AND IMMUNITIES OF COUNCILLORS BILL

*(As amended by the Standing Committee on Goverance)*

(Minister of Local Government, Environmental Affairs And Development Planning)

**[B 7B—2011]**

PROVINSIE WES-KAAP

# WES-KAAPSE WETSONTWERP OP VOORREGTE EN IMMUNITEITE VAN RAADSLEDE

*(Soos gewysig deur die Staande Komitee oor Regeringsake)*

(Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake En Ontwikkelingsbeplanning)

**[W 7B—2011]**

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

# UMTHETHO OSAYILWAYO WAMALUNGELO NOKHUSELEKO LOOCEBA WENTSHONA KOLONI

*(Njengoko ulungisiwe yikomiti eSisigxina kwezolawulo)*

(uMphathiswa woRhulumente woMmandla, iMicimbi YezokusiNgqongileyo noCwangciso LoPhuhliso)

**[B 7B—2011]**

No. of copies printed ........................................ 80

# BILL

**To give effect to section 161 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, and section 28 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998, by defining the privileges and immunities of municipal councillors; and to provide for matters incidental thereto.**

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Western Cape, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

**"Code of Conduct"** means the Code of Conduct for Councillors contained in Schedule 1 to the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000);

**"committee"**, in relation to a council, means a committee established by the council in terms of any law and of which one or more councillors are members, including—

*(a)* an executive committee established in terms of section 42 of the Municipal Structures Act;

*(b)* an appeal committee established in terms of section 62(4)*(c)*(ii) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000;

*(c)* a special committee established in terms of item 14 of the Code of Conduct; and

*(d)* a ward committee established in terms of section 73 of the Municipal Structures Act;

**"council"** means the municipal council of a municipality established in terms of section 12(1) of the Municipal Structures Act;

**"councillor"** means a member of a council;

**"mayoral committee"** means a committee appointed by an executive mayor in terms of section 60 of the Municipal Structures Act;

**"Municipal Structures Act"** means the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998);

**"precincts"**, in relation to a council, means any venue or room where the council or any of its committees or subcouncils or its mayoral committee holds a meeting;

**"rules and orders"** means the rules and orders of a council as envisaged in section 160(6) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996; and

''**subcouncil"** means a metropolitan subcouncil established in terms of section 62 of the Municipal Structures Act and includes a committee appointed in terms of section 71 of that Act.

**Freedom of speech of councillors**

**2.** (1) A councillor has freedom of speech in any meeting of the council of which he or she is a member, and in any committee or subcouncil or mayoral committee of that council.

(2) A councillor's right to freedom of speech in terms of subsection (1)—

*(a)* includes participation in the deliberations and voting on any resolution, decision, report, paper or minutes adopted or approved by the council or any of its committees or subcouncils or its mayoral committee; and

*(b)* is subject to the council's rules and orders and the Code of Conduct.

**Immunity of councillors**

**3.** (1) A councillor is not liable to civil or criminal proceedings, arrest, imprisonment or damages for—

*(a)* anything that the councillor has said in, produced before or submitted to the council of which he or she is a member, or any committee or subcouncil or mayoral committee of that council; or

*(b)* anything revealed as a result of anything that the councillor has said in, produced before or submitted to that council or any of its committees or subcouncils or its mayoral committee.

(2) A councillor who is not otherwise protected in terms of this Act in respect of any decision of a council, committee or subcouncil or mayoral committee, is not liable to civil or criminal proceedings in respect of that decision if the councillor—

*(a)* voted against the decision; or

*(b)* where the matter concerned was not put to the vote, before the decision was taken, requested his or her opposition to the decision to be recorded.

**Arrest of councillors and serving of court documents in council precincts**

**4.** (1) A person may not, within the precincts of a council—

*(a)* arrest a councillor; or

*(b)* serve any summons, subpoena or other document issued by a court upon a councillor,

while the council, or any of its committees or subcouncils or its mayoral committee is sitting.

(2) A person who contravenes subsection (1) is guilty of an offence and on conviction liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both the fine and the imprisonment.

**Short title**

**5.** This Act is called the Western Cape Privileges and Immunities of Councillors Act, 2011.

# MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE WESTERN CAPE PRIVILEGES AND IMMUNITIES OF COUNCILLORS BILL, 2011

## 1. BACKGROUND

Section 161 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (the Constitution), provides that provincial legislation within the framework of national legislation may provide for the privileges and immunities of municipal councils and their members.

Section 28 of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) (Municipal Structures Act), provides that such provincial legislation must provide that councillors have freedom of speech in a municipal council and its committees, subject to the relevant council's rules and orders as envisaged in section 160(6) of the Constitution. It furthermore provides that councillors are not liable to civil or criminal proceedings, arrest, imprisonment or damages for anything they have said in, produced before or submitted to the council or any of its committees or anything revealed as a result thereof.

## 2. PURPOSE OF BILL

The purpose of the Bill is to give effect to section 161 of the Constitution and section 28 of the Municipal Structures Act by defining the privileges and immunities of municipal councillors in the Western Cape.

## 3. DEPARTMENTS/INSTITUTIONS CONSULTED

3.1 Chief Directorate: Legal Services, Department of the Premier;

3.2 South African Local Government Association, Western Cape; and

3.3 Provincial Legislative and Constitutional Task Team on Local Government.

## 4. FINANCIAL IMPLICATIONS

None.

## 5. CONTENTS OF BILL

5.1 **Clause 1** contains the definitions.

5.2 **Clause 2** provides for the freedom of speech of a councillor in any meeting of the council of which he or she is a member, and in any committee or subcouncil or mayoral committee of that council.

5.3 **Clause 3** provides for immunity of a councillor against civil or criminal proceedings, arrest, imprisonment or damages under certain circumstances.

5.4 **Clause 4** provides that a person may not arrest a councillor or serve court documents on a councillor in council precincts during meetings. It also provides for offences and penalties in the event that this provision is contravened.

5.5 **Clause 5** contains the short title of the Bill.

## 6. LEGISLATIVE COMPETENCE

The Provincial Minister responsible for local government is of the opinion that all the provisions in the Bill fall within the Province's legislative competence.

# WETSONTWERP

**Om gevolg te gee aan artikel 161 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, en artikel 28 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, deur die voorregte en immuniteite van munisipale raadslede te omskryf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

**Woordomskrywings**

**1.** In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

**"burgemeesterskomitee"** 'n komitee wat ingevolge artikel 60 van die Wet op Munisipale Strukture deur 'n uitvoerende burgemeester aangestel is;

**"gebied"**, met betrekking tot 'n raad, enige lokaal of kamer waar die raad of enige van sy komitees of subrade of sy burgemeesterskomitee 'n vergadering hou;

**"Gedragskode"** die Gedragskode vir Raadslede soos vervat in Bylae 1 by die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

**"komitee"**, met betrekking tot 'n raad, 'n komitee wat ingevolge enige wet deur die raad ingestel is en waarvan een of meer raadslede lede is, met inbegrip van—

*(a)* 'n uitvoerende komitee ingestel ingevolge artikel 42 van die Wet op Munisipale Strukture;

*(b)* 'n appèlkomitee ingestel ingevolge artikel 62(4)*(c)*(ii) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000;

*(c)* 'n spesiale komitee ingestel ingevolge item 14 van die Gedragskode; en

*(d)* 'n wykskomitee ingestel ingevolge artikel 73 van die Wet op Munisipale Strukture;

**"raad"** die munisipale raad van 'n munisipaliteit wat ingevolge artikel 12(1) van die Wet op Munisipale Strukture ingestel is;

**"raadslid"** 'n lid van 'n raad;

**"reëls en orders"**, die reëls en orders van 'n raad beoog in artikel 160(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

**"subraad"** 'n metropolitaanse subraad ingestel ingevolge artikel 62 van die Wet op Munisipale Strukture en ook 'n komitee wat ingevolge artikel 71 van daardie Wet aangestel is; en

**"Wet op Munisipale Strukture"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998).

**Vryheid van spraak van raadslede**

**2.** (1) 'n Raadslid het vryheid van spraak in enige vergadering van die raad waarvan hy of sy 'n lid is, en in enige komitee of subraad of burgemeesterskomitee van daardie raad.

(2) ’n Raadslid se reg tot vryheid van spraak ingevolge subartikel (1)—

*(a)* sluit in deelname aan die beraadslaging en stemming oor enige resolusie, besluit, verslag, stuk of notule wat deur die raad of enige van sy komitees of subrade of sy burgemeesterskomitee aangeneem of goedgekeur word; en

*(b)* is onderworpe aan die raad se reëls en orders en die Gedragskode.

**Immuniteit van raadslede**

**3.** (1) ’n Raadslid is nie blootgestel aan siviele of strafregtelike verrigtinge, inhegtenisneming, gevangesetting of skadevergoeding vir—

*(a)* enigiets wat die raadslid in, voor of aan die raad waarvan hy of sy ’n lid is, of enige komitee of subraad of burgemeesterskomitee van daardie raad, gesê, blootgelê of voorgelê het nie; of

*(b)* enigiets wat aan die lig gebring is as gevolg van enigiets wat die raadslid gesê, blootgelê of voorgelê het in, voor of aan daardie raad of enige van sy komitees of subrade of sy burgemeesterskomitee nie.

(2) ’n Raadslid wat nie andersins ingevolge hierdie Wet beskerm word ten opsigte van enige besluit van ’n raad, komitee of subraad of burgemeesterskomitee nie, is nie blootgestel aan siviele of strafregtelike verrigtinge ten opsigte van daardie besluit nie, indien die raadslid—

*(a)* teen die besluit gestem het; of

*(b)* waar die betrokke aangeleentheid nie tot stemming gebring is nie, voordat die besluit geneem is, versoek het dat sy of haar teenkanting teen die besluit genotuleer word.

**Inhegtenisneming van raadslede en betekening van hofdokumente in gebied van raad**

**4.** (1) Niemand mag in die gebied van ’n raad—

*(a)* ’n raadslid in hegtenis neem; of

*(b)* enige dagvaarding, subpoena of ander dokument wat deur ’n hof uitgereik is aan ’n raadslid beteken,

terwyl die raad, of enige van die raad se komitees of subrade of sy burgemeesterskomitee in sitting is nie.

(2) ’n Persoon wat subartikel (1) oortree, is skuldig aan ’n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens ses maande, of met beide die boete en die gevangenisstraf.

**Kort titel**

**5.** Hierdie Wet staan bekend as die Wes-Kaapse Wet op Voorregte en Immuniteite van Raadslede, 2011.

# MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE WETSONTWERP OP VOORREGTE EN IMMUNITEITE VAN RAADSLEDE, 2011

## 1. AGTERGROND

Artikel 161 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet), bepaal dat provinsiale wetgewing binne die raamwerk van nasionale wetgewing voorsiening kan maak vir die voorregte en immuniteite van munisipale rade en hul lede.

Artikel 28 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) (Wet op Munisipale Strukture), bepaal dat sodanige provinsiale wetgewing voorsiening moet maak dat raadslede vryheid van spraak in ’n munisipale raad en sy komitees het, behoudens die betrokke raad se reëls en orders soos beoog in artikel 160(6) van die Grondwet. Verder maak dit voorsiening dat raadslede nie blootgestel is aan siviele of strafregtelike verrigtinge, inhegtenisneming, gevangesetting of skadevergoeding vir enigiets wat hulle in, aan of voor die raad of enige van sy komitees gesê, blootgelê of voorgelê het of enigiets wat as gevolg daarvan aan die lig gebring is nie.

## 2. DOEL VAN WETSONTWERP

Die doel van die Wetsontwerp is om aan artikel 161 van die Grondwet en artikel 28 van die Wet op Munisipale Strukture gevolg te gee deur die voorregte en immuniteite van munisipale raadslede in die Wes-Kaap te omskryf.

## 3. DEPARTEMENTE/INSTELLINGS GERAADPLEEG

3.1. Hoofdirektoraat: Regsdienste, Departement van die Premier;

3.2. Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging, Wes-Kaap; en

3.3. Provinsiale Wetgewende en Grondwetlike Taakspan oor Plaaslike Regering.

## 4. FINANSIËLE IMPLIKASIES

Geen.

## 5. INHOUD VAN WETSONTWERP

5.1. **Klousule 1** bevat woordomskrywings.

5.2. **Klousule 2** maak voorsiening vir die vryheid van spraak van ’n raadslid in enige vergadering van die raad waarvan hy of sy ’n lid is, asook in enige komitee of subraad of burgemeesterskomitee van daardie raad.

5.3. **Klousule 3** maak voorsiening vir die immuniteit van ’n raadslid teen siviele of strafregtelike verrigtinge, inhegtenisneming, gevangesetting of skadevergoeding onder sekere omstandighede.

5.4. **Klousule 4** bepaal dat ’n persoon nie ’n raadslid in hegtenis mag neem of hofdokumente binne raadsgebiede op ’n raadslid mag beteken tydens vergaderings nie. Dit maak ook voorsiening vir misdrywe en strawwe ingeval hierdie bepaling oortree word.

5.5. **Klousule 5** bevat die kort titel van die Wetsontwerp.

## 6. WETGEWENDE BEVOEGDHEID

Die Provinsiale Minister verantwoordelik vir plaaslike regering is van mening dat al die bepalings in die Wetsontwerp binne die Provinsie se wetgewende bevoegdheid val.

# UMTHETHO OYILWAYO

Ofezekisa icandelo 161 loMgaqo-siseko weRiphabhliki yoMzantsi Afrika ka 1996, kunye necandelo 28 lomthetho iLocal Government: Municipal Structures Act, ka-1998 (uMthetho Nomb. 117 ka 1998); ngokucacisa ngamalungelo nokungabi nakuchukunyiswa kooCeba bakaMasipala; nokubonelela ngemicimbi ephathelele kuwo.

**KUWISWA UMTHETHO** yiPalamente yePhondo laseNtshona Koloni, ngolu hlobo:—

**Iinkcazo-magama**

**1.** Kulo Mthetho, ngaphandle kwalapho ingatshoyo indlela elisetyenziswe ngayo igama okanye ibinza

**"uMgaqo Wokuziphatha"** ubhekisele kuMgaqo Wokuziphatha kooCeba oqulathwe kwiShedyuli 1 yoLawulo loRhulumente woMmandla: uMthetho weNdlela yokuSebenza kukaMasipala ka-2000 (uMthetho Nomb. 32 ka 2000);

**"ikomiti"**, ngokunxulumene nebhunga, ithetha ikomiti esekwe libhunga ngokwemigaqo yalo nawuphi na umthetho kunye apho uceba omnye nangaphezulu bengamalungu, kuquka—

*(a)* ikomiti esisigqeba esekwe ngokwemigaqo yecandelo 42 lomthetho oyiMunicipal Structures Act;

*(b)* ikomiti yezibheno esekwe ngokwemigaqo yecandelo 62(4)*(c)*(ii) lomthetho oyiLocal Government: Municipal Systems Act, 2000;

*(c)* ikomiti eyodwa esekwe ngokwemigaqo yomba 14 of the Code of Conduct; kunye

*(d)* ikomiti yewadi esekwe ngokwemigaqo yecandelo 73 lomthetho oyiMunicipal Structures Act;

**"ibhunga"** lithetha ibhunga leKhansile kaMasipala elimiswe ngokwecandelo 12 (1) loMthetho oyiMunicipal Structure Act;

**"uceba"**lilungu lebhunga

**"ikomiti kasodolophu"** ithetha ikomiti eyonyulwe ngusodolophu osisigqeba ngokwemigaqo yecandelo 60 lomthetho oyiMunicipal Structures Act;

**"uMthetho oyiMunicipal Structure Act"** uthetha ooRhulumente boMmandla: uMthetho oyiMunicipal Structure Act, 1998 (uMthetho 117 ka 1998)

**"amasango",** ngokunxulumene nebhunga likamasipala athetha nayiphi na indawo okanye igumbi apho ibhunga okanye enye yeekomiti zalo okanye amabhungana okanye ikomiti kaSodolophu yayo libambela khona intlanganiso;

**"imithetho nemiyalelo"** ithetha imithetho nemiyalelo yekhansile njengoko ibonakalisiwe kwicandelo 160 (6) loMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika, ka-1996 (uMthetho Nomb. 108 ka 1996);

"**ibhungana"** lithetha ibhungana likamasipala ombaxa osekwe ngokwemigaqo yecandelo 62 loMthetho oyiMunicipal Structure Act; ze kuqukwe ikomiti eyonyulwe ngokwemigaqo yecandelo 71 yoMthetho.

**Ilungelo looceba lokuvakalisa izimvo**

**2.** (1) UCeba unelungelo lokuvakalisa izimvo kuyo nayiphi na intlanganiso yebhunga apho alilungu khona, nakweyiphi na ikomiti, okanye ibhungana okanye ikomiti kaSodolophu lelo bhunga.

(2) Ilungelo likaCeba lokwenza lokuvaklisa izimvo ngokukhululekileyo ngokwecandelwana (1)—

*(a)* kuquka uthatho-nxaxheba kwiingxoxo nokuvotela nasiphi na isisombululo, isigqibo, ingxelo, iphepha okanye imizuzu eyamkelweyo nevunyiweyo libhunga okanye nakweziphi na iikomiti okanye amabhungana okanye ikomiti kaSodolophu; yaye

*(b)* kuxhomekeke kwimithetho nakwimiyalelo yebhunga nakuMgaqo wokuziPhatha

**UKhuseleko looCeba**

**3.** (1) UCeba akafanelanga kuthathelwa amanyathelo amatyala embambano okanye olwaphulo-mthetho, ukubanjwa, ukuvalelwa entolongweni okanye iintlawulo ngayo—

*(a)* nayiphi na into ethethwe nguCeba, eveliswe ngaphambi okanye engeniswe kwibhunga apho alilungu khona okanye nayiphi na ikomiti okanye ibhungana okanye ikomiti kaSodolophu yelo bhunga; okanye

*(b)* nayiphi na into etyhilekileyo njengesiphumo sayo nayiphi na into ethethwe nguCeba, eveliswe ngaphambi okanye engeniswe kwelo bhunga okanye nakweziphi na iikomiti zalo okanye amabhungana okanye ikomiti kaSodolophu yayo

(2) Uceba onganalukhuseleko ngokwemiqathango yalo Mthetho ngokumayela nasiphi na isigqibo esenziwe libhunga, ikomiti okanye ibhungana akafanelekanga ukuba athathelwe amanyathelo amatyala embambano okanye olwaphulo-mthetho ngenxa yeso sigqibo, ukuba ngaba uceba lowo—

*(a)* uvotele ukuchasana neso sigqibo okanye,

*(b)* ngaphambi kokuba isigqibo eso sithatyathwe, uye wacela ukuba inkcaso yakhe ibhalwe phantsi.

**Ukubanjwa nokukhutshelwa imisila yengwe kooceba kumasango eendawo zokuhlala ibhunga**

**4.** (1) Umntu akangekwazi, ngaphakathi kwamasango eendawo zokuhlala ibhunga, ukuba—

*(a)* abambe uceba

*(b)* okanye akhuphe nawuphi na umsila wengwe, isamani yengqina okanye olunye uxwebhu elikhutshelwe uceba yinkundla,

ngeli xesha lihleli ibhunga, okanye nayiphi na enye yeekomiti zalo okanye elinye lamabhungana alo okanye ikomiti kaSodolophu yayo.

(2) Umntu otyeshele eli candelwana (1) unetyala lokwaphula umthetho, yaye xa athe wagwetywa kuya kufuneka akhuphe isohlwayo esiyintlawulo okanye abheke entolongweni kangangexesha elingadlulanga kwiinyanga ezintandathu okanye afumane zozibini ezi zohlwayo: isohlwayo sentlawulo nokuvalelwa entolongweni.

**Isihloko esifutshane**

**5.** Lo Mthetho ubizwa ngokuba nguMthetho waMalungelo noKhuseleko looCeba, weNtshona Koloni ka-2011.

# IMEMORANDAM ECACISAYO NGEENJONGO ZOMTHETHO OSESISIQULUNQO WAMALUNGELO NOKHUSELEKO LOOCEBA KA-2011

## 1. INTSHAYELELO

Icandelo 161 loMgaqo-siseko weRiphablikhi yoMzantsi Afrika ka-1996 (uMgaqo-siseko), unesibonelelo sokuba imithetho yephondo, ngokwesikhokelo semithetho yesizwe, isenokuba nolungiselelo lwamalungelo nokhuseleko lwamabhunga oomasipala nooceba bawo.

Icandelo 28 loMthetho oyi*Local Government: Municipal Structures Act*, 1998 (uMthetho 117 ka-1998) (Municipal Structures Act), lithi imithetho enjalo ke kufuneka ukuba ubuncinane mayibe naso isilungiselelo sokuba ooceba mababe nalo ilungelo lokuvakalisa izimvo zabo kwibhunga nakwiikomiti zalo, kodwa ke ngokulawulwa yimigaqo nemiyalelo yebhunga, njengoko kuchazwa kwicandelo 160(6) loMgaqo-siseko. Kananjalo, ukwanayo nendawo ethi ooceba abafanelanga ukuba bathathelwe amanyathelo amatyala embambano okanye olwaphulo-mthetho, babanjwe, bavalelwe entolongweni okanye bahlawuliswe ngayo nayiphi na into abathe bayithetha, bayivelisa phambi kwebhunga okanye bayingenisa ebhungeni okanye kuyo nayiphi na enye yeekomiti zalo okanye ngento ethe yadizeka ngenxa yokwenza njalo.

## 2. IINJONGO ZALO MTHETHO USAYILWAYO

Iinjongo zalo Mthetho uSayilwayo kukufezekisa ukusetyenziswa kwecandelo 161 loMgaqo-siseko necandelo 28 loMthetho oyi*Municipal Structures Act* ngokucacisa amalungelo nokhuseleko looceba boomasipala eNtshona Koloni.

## 3. AMANYE AMASEBE/AMAZIKO EKUTHETHWENE NAWO

3.1 iCandelo loMlawuli oyiNtloko: kwiiNkonzo zoMthetho, kwiSebe leNkulumbuso yePhondo;

3.2. uMbutho woLawulo lweeDolophu neZithili, eNtshona Koloni; kunye

3.3 iQela lePhondo eliSebenza ngezoWiso-mthetho noMgaqo-siseko kwezoLawulo lweeDolophu neZithili (Provincial Legislative and Constitutional Task Team on Local Government).

## 4. IIMFUNO ZEMALI EZINOKUVELA

Akukho zikhoyo

## 5. IZIQULATHO ZALO MTHETHO USAYILWAYO

5.1 **Igatya 1** unika iinkcazo zamagama namabinza asetyenzisiweyo.

5.2 **Igatya 2** ucacisa ilungelo likaceba lokuvakalisa izimvo zakhe kuyo nayiphi na intlanganiso yebhunga alilungu lalo nakuyo nayiphi ikomiti okanye ibhungana okanye ikomiti kasodolophu eliphantsi kwelo bhunga.

5.3 **Igatya 3** ucacisa ukhuseleko lukaceba webhunga ekuthathelweni amanyathelo amatyala embambano okanye olwaphulo-mthetho, ekubanjweni, ekuvalelweni entolongweni okanye ekubizweni iintlawulo phantsi kweemeko ezithile.

5.4 **Igatya 4** ucacisa ukuba umntu akanakho ukuba angabamba uceba okanye angenisele uceba amaphepha enkundla kumasango eendawo zebhunga ngexesha leentlanganiso. Kananjalo ukwacacisa namatyala nezohlwayo xa kunokuthi kutyeshelwe lo mqathango.

5.5 Igatya 5 uqulathe isihlokwana esifutshane salo Mthetho usayilwayo.

## 6. AMAGUNYA OWISO-MTHETHO

UMphathiswa wePhondo osingathe imicimbi yolawulo lweedolophu nezithili wanelisekile ukuba imiqathango ekulo Mthetho usaYilwayo ihamba ngokwamagunya ePhondo eli okuwisa umthetho.

Typeset and printed by Creda Communications —— www.creda.co.za —— 021 505 6100